**3. VERLOF: HOOFSTUK DRIE**

3.1 Toepassing

Hierdie hoofstuk is nie van toepassing nie op ‘n werknemer wat minder as 24 uur per maand vir ‘n werkgewer werk en op verlof toegestaan wat meer is as die verlof waarop die werknemer kragtens hierdie hoofstuk geregtig is.

3.2 Jaarlikse verlof: Artikels 20 & 21

3.2.1 Werknemers is geregtig op 21 opeenvolgende dae jaarlikse verlof of, volgens ooreenkoms, een dag vir elke 17 dae gewerk of een uur vir elke 17 ure gewerk.

3.2.2 Verlof moet nie later as ses maande na die einde van die jaarlikse verlofsiklus toegestaan word nie.

3.2.3 ‘n Werkgewer moet nie ‘n werknemer betaal in plaas daarvan om verlof toe te staan nie, behalwe by die beëindiging van diens.

3.3 Siekteverlof: Artikels 22 – 24

3.3.1 ‘n Werknemer is geregtig op ses weke se betaalde siekteverlof in ‘n periode van 36maande.

3.3.2 Gedurende die eerste ses maande is ‘n werknemer geregtig op een dag betaalde siekteverlof vir elke 26 dae gewerk.

3.3.3 ‘n Werkgewer kan ‘n mediese sertifikaat vereis voordat hy ‘n werknemer betaal wat vir meer as twee agtereenvolgende dae afwesig was of iemand wat dikwels afwesig is.

3.4 Kraamverlof: Artikels 25 & 26

3.4.1 ‘n Swanger werknemer is geregtig op vier opeenvolgende maande kraamverlof.

3.4.2 ‘n Swanger werknemer of ‘n werknemer wat haar kind borsvoed mag nie toegelaat word om werk te verrig wat vir haar of haar kind gevaarlik is nie.

3.5 Verlof vir gesinsverantwoordelikheid: Artikel 27

3.5.1 Voltydse werknemers is op versoek geregtig op drie dae betaalde verlof per jaar, wanneer die werknemer se kind gebore word of siek is, of in die geval van die dood van die werknemer se gade of lewensmaat of die werknemer se ouer, aangenome ouer, grootouer, kind, aangenome kind, kleinkind of broer of suster.

3.5.2 ‘n Werkgewer kan redelike bewyse vereis.